21 JUNIE 2020

Gr R tot Gr 3

Jesus gee om.

Matteus 10:24-39

voorbereiding

Neem saam:

- Verskillende emoji gesiggies
- Prent vir elke kind aan die einde van die les.
- Inkleurkryte

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Ons weet mos wat emosies is. Dit is wat ons voel. Deesdae gebruik ons op ons selfone emojies om te wys wat ons voel.

Print 'n paar verkillende emojie gesiggies uit. Laat die kinders die emosie van die verskillende emojies beskryf.

Weet julle dat al praat ons verskillende tale, of al gaan ons oorsee of na 'n vreemde land waar ek gladnie kan verstaan wat iemand sê nie, is emosies universeel. Universeel is 'n groot woord wat net beteken dat almal, enige persoon van enige land of taal, voel dieselfde emosies. Almal lag wanneer hulle bly is, en huil wanneer hulle hartseer is. Almal frons wanneer hulle kwaad word en glimlag wanneer hulle opgewonde raak.

Kom ons deel in die groep emosies wat ons die laaste week ervaar het. Elkeen kies twee emosies (gebruik ook hier die emoji gesiggies om kinders te help verstaan watter emosie hulle gevoel het). Noem die emosie en waarom jy daardie emosie ervaar het.
Dit is belangrik om kinders te help om te verwoord wat hulle voel. Ons kan nie sê dat hulle emosie verkeerd is nie, maar ons moet hulle leer om te weet wat dit is wat hulle ervaar.

gesels **tyd** (vervolg)

Jy kan ook versoek dat elkeen een positiewe emosie en een negatiewe emosie gee wat hulle ervaar het. Of vra, wat het jou bly gemaak en wat het jou hartseer of bang gemaak?

Ons beleef verskillende emosies elke dag. Dit is dalk vir ons lekker om by die huis te bly terwyl dit "Lockdown" is, maar ons is hartseer omdat ons nie by ons maats kan gaan kuier nie. Ons is dalk bly vir 'n warm bed om in te slaap, maar is bang om siek te raak.

Jesus het ons baie spesiaal gemaak. Hy het ons gemaak dat ons al die verskillende emosies kan beleef en Hy wil graag hê dat ons Hom moet vertel wat dit is wat ons opgewonde maak en wat ons hartseer maak.

Het dit al gebeur dat iets wat nie lekker was nie by die skool gebeur het, en wanneer jy vir mamma of pappa dit vertel, dat jou hart sommer weer seer raak en jy wil huil. Dan tel mamma of pappa jou op hulle skoot en herinner jou net daaraan dat Jesus jou baie lief het en hulle ook en dat alles weer reg sal word. Dan voel jou hartjie sommer beter. Wanneer ons bid, is dit om so op Jesus se skoot te sit en veilig te voel.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: Moenie bang wees nie
Moenie bang wees nie
Want ek is by jou
Moenie bang wees nie
Want ek bly by jou
Moenie bang wees nie
Ek ken jou naam
Ek gaan oral met jou saam.

Liedboek 540 Onthou jul nog
Onthou jul nog wie't lank terug
Die aarde goed gemaak
Ons God en Vader wat nooit slaap
Wat altyd oor ons waak
Vir mossies sorg Hy dag na dag
Vir lelies in die vlei
Vir ons het Hy sy Seun gestuur
Hoe lief het Hy vir my!

BYBEL tyd

Jesus het terwyl Hy op aarde was, Sy dissipels alles geleer van God. Hy het hulle help verstaan wie en wat God is. Hy het vir hulle vertel dat ons vir God die Vader moet lief wees met alles in ons en dat God jou baie baie lief het.

Wanneer ons aan God behoort, beteken dit nie dat ons nou ‘n towerstaf in ons hand het en dat daar nooit iets sleg oor ons pad kan kom of dat alles net altyd goed sal gaan met ons nie. Nee. Maar een ding is waar: En dit is dat God ons baie baie liefhet. Hy gee om vir ons en wil vir ons sorg. Wanneer slegte dinge ment ons gebeur of ons raak hartseer of moedeloos, of dalk bang, dan moet ons altyd onthou: JESUS IS LIEF VIR JOU!!!

Wat is die duurste ding in jou kamer? Wat het die meeste waarde? Weet jy dat jy baie meer werd is as die duur item. Jy is vir God so belangrik dat Hy Sy Seun Jesus gestuur het om vir jou sonde dood te gaan, sodat jy gered kan word.

En wat is die ding met die minste waarde? Weet jy dat jy ook meer werd is as iets wat min waarde het. Soms voel ons dat of ons nie waarde het nie, maar jy is kosbaar vir God.

Wie dink julle sorg vir die voëltjies in die veld? Hulle het nie huisies nie, hulle het ook nie supermarkte of malls waar hulle kos kan koop nie. Nee, God sorg vir hulle. En die Bybel sê: As God vir die voëltjies sorg, hoeveel temeer sal Hy nie vir jou sorg nie.

Kom ons lees hiervan in die Bybel, die Woord van God.
Lees vir die kinders voor uit Mat.10:26-31

Al raak ons soms hartseer, of al is ons baie bly, ons kan al ons emosies met God deel. Hy het jou gemaak en verstaan jou emosies. Hy weet wat in jou hart aangaan. Wat jou bly maak en wat jou ongelukkig maak. Selfs al gebeur daar goed soos COVID-19 om ons en raak mense siek en voel ons onseker, kan ons verseker weet, God het jou lief.

Mag jy altyd onthou dat niks ons van Go se liefde kan skei nie. Ons mag enige tyd op God se skoot klim deur gebed en vir Hom vertel wat in ons hartjies aangaan. Hy het jou baie baie lief.

doen & leer tyd

Hoe voel jy vandag?

Kies een van die gesiggies wat wys hoe voel jy vandag en kleur dit in.
Vertel vir jou maats of vir mamma en pappa by die huis waarom jy daardie gesiggie gekies het.

Kyk ook na die prentjie onder op die bladsy. Wat sien jy? En wat sien jy wanneer jy die prent omdraai??

Jesus het nie gesê dat kinders van God nooit hartseer sal word of nooit seer sal kry nie, maar Hy het belowe dat Hy altyd by ons is en omgee vir ons. Kom ons sê vir Hom dankie dat Hy altyd by ons is.

groet tyd

Dankie Jesus dat niks ons van U liefde kan skei nie. Dankie dat U omgee vir my en my troos as ek hartseer en en saam met my bly wees wanneer iets my hart ook bly maak.
Amen



Kies ‘n gesiggie wat wys hoe jy vandag voel en kleur dit in. Vertel vir die ander waarom jy die gesiggie gekies het.